



# Oosies

## NUUSBRIEF

### 2026

#### WERK EN OORWIN

Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

28/2026

20 Augustus 2026

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ek deel graag 'n paar hoogtepunte, prestasies en belangrike sake uit ons skoolgemeenskap met u.

Ons nuwe Matriekraad vir 2026/2027 is aangewys. Baie geluk aan elke leerder wat die voorreg gehad het om in hierdie belangrike leierskapsrol te dien. Julle het 'n besondere verantwoordelikheid om 'n voorbeeld te stel, ons skool se waardes uit te leef en 'n positiewe verskil in die Oos-Moot-gemeenskap te maak. Ons sien met verwagting uit na julle termyn.

Terselfdertyd groet ons 'n baie spesiale Matriekraadgroep van 2025/2026. Onder die bekwame leiding van ons hoofleiers, Joshua Kok en Mia Krynauw, het hierdie groep gedurende hul termyn 'n werklike verskil gemaak. Dankie vir julle diensbaarheid, toewyding en die voorbeeld wat julle gestel het. Ons wens elkeen van julle alles van die beste toe en weet dat julle, waar julle ook al gaan, steeds jul merk as leiers sal maak.

Aan ons matrikulante wat hierdie week formeel met die Rekordeksamen begin: baie sterkte! Hierdie is die laaste paar maande van julle hoërskoolloopbaan, vyf jaar waarin julle geswoeg, gesweet, geleer, gegroei en deurgedruk het. Nou is dit tyd om alles wat julle geleer het, met selfvertroue toe te pas. Maak die beste van hierdie geleentheid, bly gefokus en werk hard vir die akademiese prestasie waartoe julle in staat is. Ons glo in julle en staan bankvas agter julle!

Baie geluk aan me. R. van der Walt (onderwyseres) wat Noord-Gauteng-kleure in landloop verwerf het. Dit is 'n besondere prestasie waarop ons baie trots is. Dit is altyd lekker wanneer ons personeel nie net in die klaskamer nie, maar ook daarbuite die voorbeeld stel.

Ons is steeds oorweldig deur die ongelooflike opkoms en ondersteuning tydens ons jaarlikse Kunsuitstalling. Die betrokke leerders, personeel én die skool kan eenvoudig nie uitgepraat raak oor die ondersteuning wat ons ontvang het nie. Aan elke ouer, familielid, vriend en ondersteuner wat die geleentheid bygewoon en ons talentvolle leerders ondersteun het, baie dankie. Dit is juis hierdie betrokkenheid wat geleenthede soos dié so besonders maak.

Hierdie week het ons nog 'n besondere hoofstuk in Oos-Moot se kultuurverhaal geskryf met ons Kultuurweek. Tydens die middagvertoning en twee aandvertonings kon ons die vrug van ons leerders en personeel se harde werk, toewyding en opoffering op die verhoog sien. Agter elke optrede lê ontelbare ure, deursettingsvermoë en 'n liefde vir kultuur. Ons is ongelooflik trots!

Ouers word vriendelik daaraan herinner dat Graad 8-aanlynregistrasies op 4 September sluit. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om hiervan kennis te neem en seker te maak dat die nodige registrasie betyds afgehandel word.

Ons wil graag 'n vriendelike, maar dringende beroep op alle ouers en motoriste doen om uiters versigtig en bedagsaam te bestuur wanneer leerders soggens afgelaai en in die middag opgelaai word. Motoriste word versoek om leerders wat by die formele voetgangeroorgang wag om die pad oor te steek, die geleentheid te gee om veilig oor die pad te stap. Die spoedbeperking in die skoolomgewing is 40 km/h. Verminder asseblief betyds spoed en nader spoedhobbels en voetgangeroorgange met die nodige versigtigheid. Leerders kan soms onverwags beweeg of die pad oorsteek. Wees asseblief te alle tye op die uitkyk vir leerders in die skoolomgewing en vermy enige haastige of roekelose bestuur. Ons kinders se veiligheid is 'n gedeelde verantwoordelikheid. 'n Paar sekondes se geduld kan 'n ernstige ongeluk voorkom.

Mag die komende weke vir ons hele Oos-Moot-familie gekenmerk word deur harde werk, deursettingsvermoë en trots in alles wat ons aanpak.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

## ALGEMEEN

### Belangrike datums en kontakbesonderhede

|            |                                                                                                                         |
|------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 20 Aug     | Gr.12 Rekordeksamen begin                                                                                               |
| 26-28 Aug. | Gr.10 Veldskool                                                                                                         |
| 28-30 Aug. | 2026/2027 Matriekraadkamp                                                                                               |
| 1 Sept.    | Herregistrasie van huidige leerders                                                                                     |
| 4 Sept.    | <ul style="list-style-type: none"> <li>Lentedag (gewone klere)</li> <li>Gr.8's 2027 aanlyn registrasie sluit</li> </ul> |
| 5 Sept.    | Netbal Legendsdag                                                                                                       |
| 16 Sept.   | FOTODAG 3                                                                                                               |
| 22Sept.    | ATKV Talentaand                                                                                                         |
| 23 Sept.   | Skool sluit                                                                                                             |
| 26 Sept.   | Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)                                                                                  |

### Personeel

Dit is nooit lekker om 'n kollega te groet nie, maar ons is baie opgewonde saam met mevrou S van Blerk (onderwyseres) en haar gesin oor die nuwe avontuur wat oorsee op hulle wag!

As onderwyser het sy 'n groot verskil in die klaskamer gemaak, maar haar betrokkenheid het beslis nie daar gestop nie. Van Rolbal tot verskeie ander aktiwiteite – sy was altyd bereid om in te spring en deel te wees.

Ons gaan haar beslis mis, maar wens haar en haar gesin net die mooiste toe met hierdie nuwe hoofstuk.

### Herregistrasie van huidige leerders

Dit is tyd vir die **jaarlikse herregistrasie van ons huidige leerders vir 2027**, soos vereis deur die Departement van Onderwys. Herregistrasie is belangrik om u kind se plek vir die komende skooljaar te verseker.

#### Proses:

- U ontvang op **1 September** 'n e-pos vanaf die d6-skoolsisteem met 'n **unieke skakel vir elke kind**.
- Voltooi die elektroniese vorm volledig en dien dit in.
- Herregistrasie moet teen die aangeduide **sluitingsdatum** voltooi wees om u kind se plek vir 2027 te verseker.
- Enige tegniese probleme sal aan d6 gerapporteer word.

Navrae: **F. Gratz** – [admin@oos-moot.co.za](mailto:admin@oos-moot.co.za)

### Skooldrag - SOMER

#### Oorgangsfase

Die seisoen begin draai en leerders sal vanaf **24 Augustus tot 28 Augustus** in 'n oorgangsfase beweeg van wintersdrag na somersdrag. Leerders dra OF volle wintersdrag, OF volle somersdrag – nie 'n mengsel van die twee nie.

#### Volle, amptelike somersdrag

- Die leerders dra vanaf **1 September** amptelike somersdrag.
- Daar is seuns wat verkies om dasse saam met hul somersdrag te dra – die vergunning is reeds hiervoor gemaak.

### Voorkoms

Ons versoek dat ouers asseblief sal let op u kind se voorkoms

#### Dogters

Sommige dogter se rompe is vreeslik kort en dra nie by tot die beeld van die skool nie.

#### Seuns

Sommige seuns se hare en kuiwe is te lank.

### Gr.8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 sluit:

Datum : 4 September 2026

Besoek die skool se [webwerf](https://www.oos-moot.co.za) (<https://www.oos-moot.co.za>) vir die volledige inligting.

### Gr.10 Veldskool

Ons herinner graad 10 ouers en leerders aan die graad 10-Veldskool.

Datum : 26 tot 28 Augustus  
Plek : Kwaggasrus (Brits)  
Vertrektyd : 08:00, per bus

Volledige inligting t.o.v. wat leerders moet pak is vervat in die Veldskool skrywe wat op die [webwerf](https://www.oos-moot.co.za) <https://www.oos-moot.co.za> onder Wie is ons/Aflaaibare dokumente beskikbaar is.

## AKADEMIE

**Belangrik:** Vanaf **21 Julie tot 19 September** sal daar ook **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

### Gr.9 Vakkeuses vir 2027

Die graad 9-leerders se vakkeuses vir 2027 sluit op:

Datum : 21 Augustus

Die vakkeuses word by:

<https://forms.gle/PoFbaE9KHQpsVuy56> gedoen.

### Skryf. Inspireer. Publiseer

'n Oproep aan alle jong Oosie-skrywers!

Hou jy daarvan om gedigte of opstelle te skryf?

Me T Jordaan nooi alle talentvolle skrywers uit om hul oorspronklike gedigte en opstelle vir moontlike publikasie in die skooltydskrif in te stuur.

Sluitingsdatum : 30 Augustus  
E-pos na : [jordaant@oos-moot.co.za](mailto:jordaant@oos-moot.co.za)

## SPORT

### HOKKIE: OOSIE JUNIORS

Alle laerskoolseuns en -dogters wat belangstel om hokkie te speel, word uitgenooi om by ons **Oosie-Junior Hokkie** (by Hoërskool Oos-Moot) in te skryf.

Oefeninge vir die Oosie-Juniors sal op die volgende tyd en datums plaasvind:

|        |   |                                                          |
|--------|---|----------------------------------------------------------|
| Tyd    | : | 16:00 tot 17:00                                          |
| Datums | : | 14 Augustus – sal bevestig<br>21 Augustus<br>28 Augustus |

Oosie Junior WhatsApp:

[https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR\\_L](https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR_L)

## ROLBAL

### Bepalings (nuut)

| Datum       | Plek    | Spanne           |
|-------------|---------|------------------|
| 30 Augustus | Wingate | OM1 vs Sonitas 1 |

## KULTUUR

### TIENERTONEEL

Na groot afwagting sien ons uit na verskeie optredes van ons Tienertoneelgroep:

| Datum   | Plek                       | Tyd   |
|---------|----------------------------|-------|
| 20 Aug. | Pronk Podium (H/S Wilgers) | 16:30 |

### KOOR

Ons koor begin hul optredes vir die jaar:

| Datum       | Geleentheid               |
|-------------|---------------------------|
| 27 Augustus | Noordekruin Kunstefees    |
| 2 September | Afrikaanse Kunsvereniging |

## BUITEPRESTASIES (Prestasies buite skoolverband)

Vir die aanmeld van die onderskeie buiteprestasies klik op die spesifieke skakel.



### SPORT

<https://forms.gle/FZeBTdsmxBPfT7Xp8>



### KULTUUR

<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>

## PROJEKTE

### PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

## Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: [pieterses@oos-moot.co.za](mailto:pieterses@oos-moot.co.za)

## Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

## PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Om te bestel en te betaal volg asseblief die skakel:

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

## OOSIE BOND

Die Oosie Bond ondersteunersgroep nooi ouers om aan te sluit by hul WhatsAppgroep.

<https://chat.whatsapp.com/l68IETvnQq620ZOrTlb6fc?s=sh&p=i&mlu=4&amv=2>

## NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

## Waverley

### Wiskunde & Wetenskap

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- Career Direct: Aanlegtoets, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

**Aanvullende onderrig + Beroeps**

**- & Vakkeuse toetsing**

**Marina Stander - 083 259 8913**

ONTSPANNE ATMOSFEER | KORT DIENSTE | GESKIK VIR DIE HELE GESIN



# RBKerk

“Ek voel asof ek regtig behoort.”  
 “Ek is ver van perfek, maar ek voel nooit veroordeel nie.”  
 “Ek was senuweeagtig om te kom, maar dit was maklik om te verstaan en almal was baie verwelkomend”  
 “Ons kinders het dit regtig geniet en wou weer kom.”  
 “Selfs my man het daarvan gehou!”

**staying Falling in Love**

Bybelse Raad vir jou Huwelik

**REEKS BEGIN 23 AUGUSTUS SONDAE 10h00**

**GEEN KERKERVARING BENODIG NIE**

RBKerk, 620 15de laan, Rietfontein, Pretoria | [rbkerk.co.za](http://rbkerk.co.za) | 071 55 66 879 - Heleine

# Wiskunde en WETENSKAP HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van: **R330!!**

[www.wenwetenskap.co.za](http://www.wenwetenskap.co.za)

<https://www.wenwetenskap.co.za>



**PLANTCARE SERVICES BIED:**

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek [www.plantcareservices.co.za](http://www.plantcareservices.co.za) vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na [info@plantcareservices.co.za](mailto:info@plantcareservices.co.za) of [plantc@mweb.co.za](mailto:plantc@mweb.co.za)

**Voel jy moedeloos met Chemie/ Fisika?**

Sê jy: “Dis vir my Grieks!”  
 “Ek verstaan dit nie!”  
 “Dis moeilik”  
 “Ek kan dit nie doen nie”

**MAAK Chemie en Fisika FUN ☺**

**& wees In jou element!**

**HOE? Kom vir ekstra-klas by:**

|                                     |                                      |                                     |
|-------------------------------------|--------------------------------------|-------------------------------------|
| 9<br><b>F</b><br>Fluorine<br>18.998 | 92<br><b>U</b><br>Uranium<br>238.029 | 7<br><b>N</b><br>Nitrogen<br>14.007 |
|-------------------------------------|--------------------------------------|-------------------------------------|

**Ele-m-eNTs** <sup>TM</sup>

**Fisiese Wetenskappe**  
**EKSTRA-Klasse**  
 Graad 10/11/12

Vir Navrae: Kontak ons gerus:



076 343 0417



[funelements2@gmail.com](mailto:funelements2@gmail.com)

die hart,  
die mense,  
die stories...

**DIE MOOT**

Elke buurt het 'n adres.  
Die Moot s'n is in jou Hart.

**Die dokumentêr**  
**26 Sep'26**

**BM BILTONG MEDIA**

By  
Hoërskool  
Oos-Moot

<https://tickets.tixsa.co.za/event/film-premiere-die-moot>